PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 011 849 6817
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

30 April 2017

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

OGGENDDIENS 09:00

Skriflesing: *Hebreërs 5: 11-6:12 & Matteus 13: 18-23*
Teksvers: *Hebreërs 6: 1*
Tema: *Wees verseker van die eerste dinge …. dan volg die verdere dinge ….*

AANDDIENS 18:30

Skriflesing*: Handelinge 9: 1-25*
Teksvers*: Handelinge 9:19b - 20*
Tema*: Die voortgaande gevolge van Paassondag.*

GK BENONI JEUGWERKER

Ons is opgewonde en dankbaar oor die vordering aangaande die aanstelling van 'n jeugwerker in die gemeente. 'n Geskikte kanditaat is geidentfiseer, en daar moet nog 'n paar administratiewe reëlings in plek gestel word voor die aanstelling amptelik sal wees.
Bid asb. saam met ons vir voortdurende leiding as gemeente asook vir die kandidaat dat die Here se groot opdrag uitgevoer kan word, en dat ons kinders in die postmoderne tyd waarin ons leef die nodige leiding te kan ontvang om ware dissipels van Jesus te word en te wees.

KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

ONS DOEN VOORBIDDING VIR:

- *Hettie Rencken se ma is Donderdag oorlede. Ons bid Hettie en haar familie vetroosting toe.*
- *Fouché Bornman was in die hospitaal met hartpalpitasies. Hy is ontslaan na waarneming, en het medikasie daarvoor gekry.*
- *Corrie Yssel het bronghitis.*

Ons bid dat die Here sy Hand oor hierdie lidmate sal hou.

- *Veronica van der Wateren en die res van die there4ministries –span wat in Iraq bediening en ondersteuning bied onder die vervolgde christene.*

ATTESTAAT NUUS:

* *Zanel Haasbroek vetrek met reisattestaan na GK Montana.*
* *Mathys van Wyk vertrek met bewys van lidmaatskap.*

Het jy behoefte dat iemand vir jou of saam met jou bid?
Jy kan jou gebedsversoeke stuur na 084 627 2393
Ons bid graag vir jou!

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE NA DIE EREDIENS IN DIE SAAL.

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG		AKTIWITEIT	KONTAK PERSOON	LOKAAL
So. 30/04	08:00 - 09:00 09:00	Gebedsuur Peueterklas (2-4jaar)	Donsie Krüger Anneke Salomons	Ou Moederskamer Kerkhuis
Ma. 1/05	09:30	Bybelstudie Rynpark 5	Adrie Goede	Rynpark 5
Di 2/05	09:00	Koördineringsvergadering		Konsistorie
Wo. 3/05	19:00 18:30	DUST—hoërskool bybelstudie Kairos kursus		Konsistorie Kerksaal
Vr. 5/05	09:00 18:00	Bybelstudie Manneaand	Braam Krüger Donsie Krüger	Konsistorie Kerksaal

VERJAARSDAE 2017

DAG	NAAM	KONTAK NO.
30/04	Jan Greyling * Mikayla van der Merwe ☺ Lassie Vogel Dorel Weideman	082 467 5991 084 505 8641 072 959 2943
1/05	Francois Muller	073 910 6664
2/05	Dian de Lange ☺ Henk Marx	 082 678 4466
3/05	Winrie Kruger Simoné Twaddle	083 280 7034 079 879 2222
4/05	Anro van Zyl Trui Verster **	079 491 8700 084 416 1730
5/05	Dirk Bloem	084 500 1177
6/05	Stefan Coetzee Nerine Oosthuizen Mynhardt Velthuysen ☺	083 785 2713 076 860 7430

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

TEESKINK BEURTE

Vandag	Wyk A5 olv Jaap Smit
Volgende week	Wyk A2 olv. Evert Bolt

OUDERLING DIENSBEURTE

Vandag	Evert Bolt
Volgene week	Flippie Opperman

GKSA BEROEPENUUS:

BEROEPE ONTVANG

Dr HM Zwemstra (Heinrich) van Pretoria-Annlin na Walvisbaai.

BEROEPE AANVAAR

Dr PJ de Bruyn (Paul) van Oos-Londen na Windhoek-Suid.

BEROEPE BEDANK

Ds WM van der Waal (Willem) van Linden na Walvisbaai.

KOLLEKTES 23 April 2017

- Diens van Barmhartigheid : R 8233
- GKSA Kerkblad : R 2341
- Jeugfonds : R 502

Vandag: Onder die diens: DVB
By die deure: Kerkblad

Volgende week: Bybelverspreiding

BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 16 April 2017 se antwoord: Lukas 24:50
" Daarna het Hy hulle uit die stad uigelei tot by **Betanië.** Daar het hy sy hande opgehef en hulle geseën. Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die Hemel opgeneem."

Die volgende Bybel lesers het korrekte antwoorde ingestuur
Evert Bolt, Jan Lubbe, Martie Gibson , Jan Bakker ,
Una Steyn, Judy Greyling, Chrissie Pretorius

Hierdie week: Soek die Bybelvers
" Hierna het Jesus na die oorkant van die See van Galilea gegaan, wat ook die **??? ??? ????????** genoem word".

Vraag: Noem nog 'n naam hoe die See van Galilea bekend gestaan het.

Lees gerus Johannes en noem die bogenoemde see se ander naam en noem waar bostaande vers staan en en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

MANNE - AAND

DVD & Bespreking van Courageous

5 Mei 2017

18:00

GK Benoni

R100 per persoon

Ete: Eisbein en bygeregte met nagereg.

Bring asb. blouaktetas met eie drinkgoed!

RSVP asb. voor of op 1 Mei 2017

Donsie - 084 672 2393 of Hanlie - 072 200 1155

Kairos **'n Opwindende 9-les**

interaktiewe studie van die Doel en Plan van God vanaf Genesis tot die eindtye.

Begin: 3 MEI 17 Eindig: 20 MEI 17
Waar: GEREFORMEERDE KERK
Miles Sharpstraat 24, Benoni

DATUMS:
Woe 3 Mei 18h30 - 21:00,
Sat 6 Mei 08h30 - 15:00,
Vry 12 Mei 18h30 - 21:00,
Sat 13 Mei 08h30 - 15:00,
Woe 17 Mei 18h30 - 21:00,
Sat 20 Mei 08h30 - 15:00

Koste: R380

Registreer aanlyn: www.kairoscourse.org
gertsels@icloud.com
Navrae: Ds. Louis Buys 082 927 2034
of Gerhard 082 552 2269

AANDAG ALLE JEUG –JEUGAKSIE NAG BY DIE MEUSEUM

MUSEUM

Datum: Vertrek DV 19 Mei 2017 om 17:00 vanaf die kerk
Waar: Transvaalse Museum Pretoria
Wie kan gaan? Alle Laerskool en Hoërskool katkisante
Koste:
GK Benoni katkisante (kinders): Donasies welkom
Volwassenes/Ander kinders: R150.00pp
Wat bring ek saam?
1. Slaapsak en kussing
2. Toiletware (slegs basiese geriewe is beskikbaar– geen bad of stort)
3. Klere om in te slaap en vir volgende dag
4. Eetgerei
5. Pen/potlood
6. Flits of koplig
7. Middernag verversings
8. Kamera – op eie risiko
9. Vrywaringsvorm:- vra by adri@lahanilodge.co.za

Waar gaan ons slaap?
In die museum, seuns en meisies in aparte uitstallingsale, met 'n toesighouer by elke groep
Wanneer is ons terug?
Ons beplan om teen 09:00 Saterdag oggend te vertrek by die museum.
RSVP:
15 Mei 2017 by Adri - adri@lahanilodge.co.za

DEEL 13

'VOLGENS DIE TOETSSTEEN VAN DIE EVANGELIE …'

Johan van der Merwe Reformasie 500, teologie

Op ons historiese reis na die begin van die Reformasie het ons heelwat tyd saam met Martin Luther deurgebring. Ons reis neem ons nou verder om ander belangrike figure te ontmoet. Philippus Melanchton kom eerste aan die beurt.

Na Luther se dood in 1546 het Melanchton die leierskap van die Reformasie in Duitsland oorgeneem. Hoewel minder bekend as Luther, Zwingli en Calvyn het Melanchton 'n onmisbare bydrae tot die voortgaan van die Reformasie gemaak. Sy bekende woorde: " Ons sal alles beoordeel volgens die toetssteen van die evangelie en die vuur van Paulus," toon duidelik aan waar hy homsself theologies bevind het.

Melanchton, at aanvanklik in Tübingen Grieks doseer het, het Luther in 1518 in Wittenberg ontmoet. Die ontmoeting het van Melanchton die humaris, Melanchton die hervormer gemaak.

Tydens Luther se ballingskap in die kasteel in Wartburg, was dit Melanchton wat hom verteenwoordig en verdedig het. Volgens sommige historici het Melanchton se "gawe van logiese denke en wye kennis van die geskiedenis" hom selfs 'n groter rolspeler as Luther in die voortgang van die Reformasie gemaak.

In 1521 het *Loci Communes (Common places*) uit die pen van Melanchton verskyn. Dit was die eerste boek wat die beginsels van die Reformasie duidelik uiteengesit het.

Malanchton se belangrikste bydrae was en is egter steeds die Belydenis van Augsburg wat in 1530 gepubliseer is. Te midde van die politieke chaos in Duitsland waar hervormingsgesindes en diegene wat pro-Katoliek was teenoor mekaar stelling ingeneem het, het die hervormers hulle geloofsverklaring by die Ryksdag van Augsburg in 1530 ingedien.

Dit was 'n versoenende nie-konfronterende uiteensetting van die leer van die Reformasie sonder dat die hart van die Reformasie prysgegee is.

Die belydenis het dit duidelik gestel dat "die nuwe lewe in Christus goeie werke tot gevolg het maar dat goeie werke van gelowiges geen bydrae tot hul verlossing maak nie".

Die bekende woorde van Luther dat "goeie dade nie van jou 'n goeie mens maak nie, maar dat goeie mense goeie dade doen", is duidelik hierin terug te vind.

Hoewel die Belydenis van Augsburg die eenheid van Luther se volgelinge met Rome wou beklemtoon, het dit ook die fundamentele teologiese verskille tussen Rome en die Hervormers uitgewys.

Wat in 1517 as 'n protes teen die aflaatstelsel begin het, het die fundament geword vir 'n nuwe Evangeliese kerk in Duitsland. Dit sou egter ook lei tot 'n bloedige oorlog tussen die Hervormers en die Katolieke wat kort na Luther se dood in 1546 uitgebreek het.

LEES VOLGENDE WEEK: 'EET WAT JY WIL … -ZWINGLI'

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE:

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

Of Snapscan:

Barmhartigheid

Bybelverspreiding